## KENNISGEWING VAN OPENBARE DEELNAMEPROSES

## VOORGESTELDE VERSTERKING VAN DIE R27 GEDEELTES 7 & 8 TUSSEN WES-/NOORD-KAAP GRENS (KM 40.0) EN CALVINIA (KM 70.0)

**Kennisgewingno.: AUR02-06/2011 DOS verwysingsno.: 12/12/20/2272**

**Applikant:** Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap MSB Beperk (SANRAL)

**Omgewingsbeoordelingspraktisyn:** CCA Environmental (Mpy) Bpk (CCA)

**Ingenieurskonsultant:** Aurecon SA (Mpy) Bpk

**Beskrywing en ligging:** Voorgestelde versterking van die R27 Gedeeltes 7 & 8 (met inbegrip van die verbreding van vier brûe en die ontwikkeling van drie leengroewe) tussen Wes-/Noord-Kaap grens en Calvinia.

**Kennis van 'n openbare deelnameproses ingevolge die NEMA OIB-regulasies 2010:** Die openbare deelnameproses vir hierdie projek is aanvanklik geadverteer deur middel van 'n kennisgewing in die "Noordwester en Oewernuus" van 10 Junie 2011. Die omvang van die werke is egter daarna uitgebrei om die verbreding van 'n vierde brug in te sluit, naamlik Brug NB35 oor die Oorlogskloofrivier op die R27 ongeveer 23 km suid-oos van Niewoudtville. Hierdie addisionele projekkomponent is in die Konsep Basiese Evalueringsverslag (BEV) ingesluit, wat vanaf 19 Augustus 2011 vir 'n 40-dae publieke oorsig- en kommentaarperiode beskikbaar gestel is. Geregistreerde Belanghebbende en Belangstellende Partye (BBP) is direk (pos/e-pos) ingelig van die geleentheid om kommentaar op die projek te lewer. Hierdie kennisgewing dien om die publiek in te lig van die veranderde omvang en die geleentheid om verdere kommentaar in hierdie verband in te dien teen nie later as **27 September 2011** nie.

**Rig navrae en/of kommentaar aan:**

CCA Environmental (Mpy) Bpk
Posbus 10145, Caledonplein, KAAPSTAD, 7905
Tel: (021) 461 1118 Faks: (021) 461 1120
E-pos: ena@ccaenvironmental.co.za
Web: www.ccaenvironmental.co.za

aurecon

cca ENVIRONMENTAL

Datum van Advertensie: 15 September 2011

## KENNISGEWING VAN OPENBARE DEELNAMEPROSES

## VOORGESTELDE VERSTERKING VAN DIE R27 GEDEELTES 7 & 8 TUSSEN WES-/NOORD-KAAP GRENS (KM 40.0) EN CALVINIA (KM 70.0)

**Kennisgewingno.: AUR02-01/2011 DOS verwysingsno.: 12/12/20/2272**

**KENNIS GESKIED HIERMEE VAN 'N OPENBARE DEELNAMEPROSES INGEVOLGE DIE NEMA OIB-REGULASIES 2010 EN DIE MPRDA-REGULASIES**

**Applikant:** Suid-Afrikaanse Nasionale Padagentskap Beperk (SANRAL)

**Omgewingsbeoordelingspraktisyn:** CCA Environmental (Mpy) Bpk (CCA)

**Ingenieurskonsultant:** Aurecon SA (Mpy) Bpk

**AKTIWITEIT IN GEVOLGE DIE NEMA OIB-REGULASIES:**

**Beskrywing en ligging:** Voorgestelde versterking van die R27 Gedeeltes 7 & 8 (met inbegrip van die verbreding van vyf brûe en die ontwikkeling van drie leengroewe) tussen Wes-/Noord-Kaap grens en Calvinia.

Omgewingsmagtiging word vereis vir die volgende:
(1) Die drie brûe wat vir verbreding geoormerk is, naamlik:
- Brug NB36 oor die Soetwaterrivier op die R27 ongeveer 35 km suid-oos van Niewoudtville;
- Brug oor die Oorlogskloofrivier op die R27 ongeveer 10 km wes van Calvinia; en
- Brug oor die Oorlogskloofrivier op die R27 by die westelike toegang tot Calvinia.

(2) Twee (van die drie) leengroewe, naamlik (2) and (3) hieronder.

**Aansoek vir Omgewingsmagtiging om die volgende gelyste aktiwiteite te onderneem:**
Ingevolge Goewermentskennisgewingno. R.544: 18(i); 39 (iii); en 40(iv); en Goewermentskennisgewingno. R546: 13(a).

**AKTIWITEIT IN GEVOLGE DIE MPRDA-REGULASIES:**

**Beskrywing:** Voorgestelde ontwikkeling van drie leengroewe in die Calvinia-omgewing vir die verkryging van materiaal vir die bostaande projek.

**Ligging van leengroewe:**
(1) BP R27-8 km 32.6 RHS 6.2, geleë langs die R364 ongeveer 6 km suid-wes van die R27, op Gedeelte 1 van Plaas Bloedzuigerfontein Noord 782 ("Merino");
(2) BP R27-8 km 45.0 RHS 0.2, geleë langs die R27 ongeveer 23 km wes van Calvinia, op die Oorblywende Gedeelte van Gedeelte 1 van die Plaas Buffelsfontein 773 ("Doega") en
(3) BP R27-8 km 61.6 RHS 1.0, geleë langs die R27 ongeveer 7 km suid-wes van Calvinia op die Oorblywende Gedeelte van Gedeelte 1 van die Plaas Enkelde Wilgenboom 768.

Indien u of u organisasie as 'n Belanghebbende en Belangstellende Party (BBP) wil registreer en/of aan die proses wil deelneem, is u welkom om Ena de Villiers van CCA by die onderstaande adres te kontak teen nie **later as 11 Julie 2011 nie.**

**CCA Environmental Kontakbesonderhede:**
Posbus 10145, Caledonplein, KAAPSTAD, 7905
Tel: (021) 461 1118 Faks: (021) 461 1120
E-pos: ena@ccaenvironmental.co.za
Web: www.ccaenvironmental.co.za

aurecon

cca ENVIRONMENTAL

Datum van Advertensie: 9 Junie 2011

